NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 21 AUGUSTUS 2025 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdl A K Warnick

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H Witbooi
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekreatriaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl A K Warnick om die vergadering met gebed te open.

Die voorsitter betoon sy medelye met rdh T van Essen met die afsterwe van sy Moeder.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Kennis geneem van die verskonings ontvang vanaf rdh T van Essen, die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton en die Speaker, rdh M A Rangasamy.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 MOONTLIKE IMPLEMENTERING VAN AARTO IN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT

Die Munisipale Bestuurder gee die inligting deur insake die moontlike implementering van AARTO in die Swartland Munisipaliteit soos bespreek tydens die onlangse Premier Koördineringsforumvergadering.

Die Munisipale Bestuurder noem die volgende kwessies wat eers aangespreek moet word alvorens implementering van AARTO oorweeg sal word, naamlik –

(1) Lewering van verkeersdienste is 'n onbefondste mandaat waaruit die Munisipaliteit slegs 12% (i.p.v. 32%) van die inkomste kry;
(2) Daar sal 'n Diensleweringsooreenkoms met die SA Poskantoor aangegaan moet word – lg. is tans onder sakeredding en daar word verwag dat gelde vooraf aan SA Poskantoor oorbetaal moet word wat teenstrydig met die MFMA is;
(3) Die funksies en uitgawes van die sg. "back-office" is nie in ag geneem nie;
(4) Indien 'n boete binne 32 dae betaal word, word 50% afslag gegee – wat die inkomste aan Munisipaliteit nog meer beperk.

3.1/...

Die Munisipale Bestuurder noem dat daar nie voortgegaan kan word om 'n nasionale en provinsiale funksie te lewer waarvoor die Munisipaliteit se belastingbetalers moet instaan nie.

Die Munisipale Bestuurder is gekoöpteer op die komitee om hierdie aangeleentheid verder te ondersoek, en sal mnre Witbooi en Steyn by gesprekke betrek word. 'n Formele mandaat sal mettertyd vanaf die Raad verkry word soos wat die ondersoek vorder.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 25 JUNIE 2025

BESLUIT
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die notule van 'n spesiale vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op 25 Junie 2025 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 17 JULIE 2025

BESLUIT
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 17 Julie 2025 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS UIT DIE NOTULES

5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERINGS GEHOU OP 13 AUGUSTUS 2025

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES (7/1/2/2-1)

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE (7/1/2/2-4)

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4/...

5.1.4 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2/-3)

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

7. NUWE SAKE

7.1 GOEDKEURING VAN DIE GOP-/BEGROTINGTYDSKEDULE (2/1/4/4/1)

Die burgemeester moet ingevolge artikel 21(1)(b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) ten minste tien maande voor die begin van die begrotingsjaar 'n tydskedule aan die Raad voorlê met sleutel sperdatums insake die hersiening van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en begrotingsproses.

Die Munisipale Bestuurder gee agtergrond tot die kennisgewing wat op Swartland Munisipaliteit beteken is deur die Hooggeregshof in Pretoria as party tot die saak tussen Afriforum en NERSA. Die saak handel hoofsaaklik daarmee dat NERSA die statutêre sperdatums verontagsaam wat deur wetgewing bepaal word.

Kommentaar is vanaf Provinsiale Regsdienste bekom om ‘n “*motion to abide*” in ondersteuning van Afriforum in te dien en dat, indien lg. suksesvol in die saak is, die tydsraamwerke deelgemaak sal word van die GOP-/Begrotingtydskedule.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 27 Augustus 2025)
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die aangehegte GOP/ROR/Begrotingstydskedule vir goedkeuring by die Raad aanbeveel word, onderhewig aan die regstelling dat alle raadslede uitgenooi word na die Begrotingswerkwinkel op Vrydag, 27 Februarie 2026.

7.2 GOEDKEURING VAN DIE NUWE GELYKE INDIENSNEMINGSPLAN VIR DIE PERIODE 1 SEPTEMBER 2025 TOT 31 AUGUSTUS 2030 (4/9/1/2/B)

Die nuwe Gelyke Indiensnemingsplan vir die periode 1 September 2025 tot 31 Augustus 2030 is opgestel ingevolge die nuwe Regulasies insake Gelyke Indiensneming, 2025 soos afgekondig in die Staatskoerant Nr 52515 gedateer 15 April 2025.

Die plan word kortliks deur die Senior Bestuurder: Menslike Hulpbronbestuur toegelig en word klem daarop geplaas dat die Werkgewer, vir die redes genoem in die verslag, nie gepenaliseer of beboet kan word as die vooropgestelde teikens nie bereik kan word nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl M J de Beer)

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die Gelyke Indiensnemingsanalise (EEA12) wat die basis vorm vir die opstel van die Gelyke Indiensnemingsplan;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte Gelyke Indiensnemingsplan (EEA13) goedkeur vir die periode 1 September 2025 tot 31 Augustus 2030 vir implementering met ingang van 1 September 2025;

(c) Dat goedkeuring verleen word dat die Munisipale Bestuurder die Gelyke Indiensnemingsplan (EEA13) onderteken.

7.3/...

7.3 TOEWYSINGSOOREENKOMS INSAKE DIE BEDRYF VAN DIE PUBLIEKE BIBLIOTEKE IN DIE WES-KAAP (17/8/B)

Die Weskaapse Departement van Kultuursake en Sport (DCAS) het ‘n proses begin om wetgewing en regulasies te hersien vir die voorsiening van openbare biblioteekdienste in die Provinsie. Op 12 June 2025 is die Wet op Publieke Biblioteekdienste, 2025 deur die Premier van die Wes-Kaap onderteken en vervang die nuwe wetgewing die 1981 Ordonnansie.

Die aangehegte toewysigingsooreenkoms formaliseer die wyse waarop DCAS en die Munisipaliteit sal saamwerk in die lewering van Publieke Biblioteekdienste en is geldig vir ‘n periode van drie jaar. Daar sal egter jaarliks ‘n befondsingsooreenkoms onderteken word ten opsigte van die oordrag van fondse vanaf Provinsie na die Munisipaliteit.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat die toewysing/opdra van sekere funksies met betrekking tot biblioteekdienste in ooreenstemming met artikel 126 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 en artikel 36 van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1 van 1998, aanvaar word, in die mate wat die toewysigingsooreenkoms die toewysing uiteensit;

(b) Dat die laaste sin in paragraaf 3.1 vervang word met die volgende: “The extent of the library function rendered by the Municipality will mirror the funding made available by the Department”;

(c) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die Toewysigingsooreenkoms namens die Munisipaliteit te onderteken, vir die tydperk wat eindig op 30 Junie 2028, met inagneming dat die aanvangsdatum nog geproklameer moet word.

7.4 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN DIE KRAALTJIE (ERF 470), KALBASKRAAL (17/2/2)

Die Kraaltjie, geleë op Erf 470, Kalbaskraal is gedurende 2022 van Transnet aangekoop ten bedrae van R350 000.00, met die aanvanklike bedoeling om die bestaande gebou in ‘n meerdoelige gemeenskapsentrum te omskep. Die gebou en erfgrootte leen hom egter nie funksioneel daartoe om behoorlik as ‘n multi-funksionele sosio-ekonomiese sentrum omskep te word nie. Die gebou het sedert 2022 deurgeloop onder vandale en word daar deurlopend klagtes ontvang oor die ongewenste elemente wat daar uithang.

Intussen het die Departement van Infrastruktuur befondsing toegeken vir die daarstel van ‘n sosio-ekonomiese fasiliteit, ingesluit ‘n gemeenskapsaal, op Erf 622 (groot 1819 m²), Kalbaskraal.

BESLUIT (vir voorlegging aan Raad op 27 Augustus 2025)
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat daar kennis geneem word van die sosio-ekonomiese fasiliteite wat op Erwe 622 en 623, Kalbaskraal beplan word, en wat meebring dat Die Kraaltjie op Erf 470 as surplus grond beskou word wat nie vir ‘n basiese munisipale diens benodig word nie;

(b) Dat daar by die Raad aanbeveel word dat Erf 470, Kalbaskraal voetstoots te koop aangebied word, ingevolge voorwaardes deur die Raad gefinaliseer te word.

7.5 VOORGESTELDE HERNUWING VAN HUUR VAN ERF 2651, RIEBEEK KASTEEL AAN DIE IMPENDULA YOUTH AND COMMUNITY DEVELOPMENT NPO VIR DIE GEBRUIK AS GEMEENSKAPSGROENTETUIN (12/2/3/1-3/1)

‘n Aansoek is ontvang vanaf die Impendula Youth and Community Development NPO vir die hernuwing van die huur van Erf 2651, Riebeek Kasteel vir die gebruik as ‘n gemeenskapsgroentetuin.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste bevestig dat die tuin suksesvol bedryf kan word en dat eksterne befondsing vir die NPO bewillig is.

BESLUIT
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die hernuwing van die verhuring van Erf 2651 Riebeek Kasteel (publieke oopruimte), geleë in Rondebergstraat, ongeveer 352m^2 groot, aan die Impendulo Community and Youth Development NPO (287-154 NPO), onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
    (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van een jaar, vanaf 01 September 2025 tot 31 Augustus 2026 sal duur;

    (ii) Dat huurgeld ten bedrae van R120.00 per jaar, BTW uitgesluit verhaal word;

    (iii) Dat die eiendom slegs aangewend word as 'n gemeenskapsgroentetuin en vir geen ander doel nie;

    (iv) Dat die huurder verantwoordelikheid vir die onderhoud van die gemeenskapsgroentetuin en alles wat daarmee gepaard gaan, op eie koste onderneem; en

    (v) Dat daar aan alle administratiewe, tegniese en regsvereistes voldoen word;

(b) Dat, ingevolge paragrawe 13.1.1 van die Bate Oordrag Beleid, kennis geneem word dat die verhuring by wyse van direkte onderhandelinge geskied, gegewe die huurder 'n prioriteitsbehoefte aan selfvolhoubaarheid aanmoedig deur aktiewe deelname van die gemeenskap aan die groentetuin.

7.6 HERNUWING VAN HUUR VAN TWEE SKEEPSVRAGHOUERS GELEë OP ERF 1540, RIEBEEK KASTEEL (12/2/3/1-3/1)

Die Munisipaliteit bedryf 'n entrepreneursentrum bestaande uit twee skeepsvraghouers op Erf 1540, Leliestraat, Riebeek Kasteel.

Die huurooreenkomste van die twee entrepreneurs het verval en het die Departement: Ontwikkelingsdienste aangedui dat daar voortgegaan kan word met die hernuwing van die huurooreenkomste, aangesien die twee entrepreneurs suksesvolle besighede bedryf.

BESLUIT
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die voorgestelde hernuwing van huur met die volgende entrepreneurs:
    - Ms Ntombizodwa Mkuzo vir bedryf van 'n klerewinkel - Eyoqhama Fashion Clothing
    - Mr Thandisizwe Mnyango vir bedryf van wegneem-etes besigheid - Mnyango Take-aways

    by die handelspasie, geleë op 'n gedeelte van Erf 1540, Leliestraat, Riebeek Kasteel, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
    (i) Dat die verhuring vir 'n tydperk van twee jaar sal duur vanaf 01 Augustus 2025 tot 31 Julie 2027; en
    (ii) Dat die huurders verantwoordelik sal wees vir die betaling van 'n maandelikse huurbedrag van R100.00 (BTW uitgesluit), asook vir die betaling van diensteverbruik.

(b)/...

(b) Dat, weens die feit dat die voorgestelde transaksie deel uitmaak van die munisipale strategiese doelwitte om ekonomiese transformasie aan te moedig en die toewyding wat die entrepreneurs toon om hul klein besighede te bedryf, die goedkeuring vir die hernuwing van die huur van die skeepsvraghouers ondersteun word.

7.7 TENDER L04/24/25: VERKOOP VAN ERF 11350 (IRISSTRAAT), MALMESBURY (8/2/2/8)

Die Raad het op 31 Maart 2025 goedkeuring verleen vir die vervreemding van Erf 11350, Irisstraat, Malmesbury. ‘n Reserweprys van R309 000,00 (BTW uitgesluit) is deur die Raad bepaal as ‘n billike markverwante waarde vir die eiendom.

Tenders is op 8 April 2025 uitgenooi en drie tenders is teen die sluitingsdatum ontvang onderskeidelik ten bedrae van R320 000.00, R309 000.00 en R40 000.00.

Die tender kon egter nie toegeken word nie, weens die onvolledigheid van die tenderdokumente en is gevolglik gekanselleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat kennis geneem word dat geen toekenning met betrekking tot Tender L04/24/25 vir die Verkoop van Erf 11350 Malmesbury gemaak kon word nie, weens nie-voldoening aan die tendervereistes deur al die tenderaars;

(b) Dat kennis geneem word dat tenders so gou as moontlik weer uitgenooi sal word om mededingende tenders te lok en moontlike vandalisme van die eiendom te vermy.

7.8 TENDER L06/24/25: VERKOOP VAN ERF 12874, MALMESBURY (12/2/5/2-8/4)

Die Raad het op 30 April 2024 goedkeuring verleen vir die vervreemding van Erf 12874, Malmesbury by wyse van ‘n tweekoevert tenderproses om ‘n mededingende proses te deurloop in die inwin van ontwikkelingsvoorstelle en monetêre aanbiedinge.

Erf 12874, Kwartelstraat, Malmesbury is soneer as Gemeenskapsone 2 met ‘n Plek van Aanbidding as primêre gebruik.

Daar is op twee geleenthede op tender uitgegaan, synde 21 Mei 2024 en 10 June 2025 en in beide gevalle kon die tender nie toegeken word nie, weens die feit dat tenderaars nie aan die minimum vereistes voldoen het nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word dat Tender L06/24/25 vir die Verkoop van Erf 12874 Malmesbury nie oorweeg en toegeken kon word nie, deurdat die tenders wat ontvang is nie voldoen aan die tendervereistes vir Ronde 1 van die tweekoevertstelsel nie;

(b) Dat daar met verdrag van tyd weer tenders gevra sal word vir die verkoop van Erf 12874 Malmesbury.

7.9 TENDER L05/24/25: VERKOOP VAN ERF 2652, RIEBEEK KASTEEL (12/2/5/2-11/1)

Die Raad het op 28 Maart 2024 goedkeuring verleen vir die vervreemding van Erf 2652, Riebeek Kasteel by wyse van ‘n tweekoevert tenderproses m ‘n mededingende proses te deurloop in die inwin van ontwikkelingsvoorstelle en monetêre aanbiedinge.

Die sonering van Erf 2652, Riebeek Kasteel is Gemeenskapsone 2, met ‘n Plek van Aanbidding as primêre gebruik.

Daar is op twee geleenthede op tender uitgegaan, synde op 16 April 2024 en weer op 10 Junie 2025, en beide kere het die tenders wat ontvang is nie aan die minimum tendervereistes voldoen nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word dat Tender L05/24/25 vir die Verkoop van Erf 2652 Riebeek Kasteel nie oorweeg en toegeken kon word nie, deurdat die tenders wat ontvang is nie voldoen aan die tendervereistes vir Ronde 1 van die tweekoevertstelsel nie;

(b) Dat daar met verdrag van tyd weer tenders gevra sal word vir die verkoop van Erf 2652 Riebeek Kasteel.

7.10 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: BELEID INSAKE BEGRAFNISSE VIR ARMLASTIGES (17/4/2/B)

Regulasies uitgevaardig onder die Nasionale Gesondheidswet (Wet 61 van 2003) bepaal dat die Munisipaliteit verantwoordelik is vir die verwydering en begrawe van ‘n liggaam wat nie opgeëis is nie.

Die Beleid insake Begrafnisse vir Armlastiges bepaal dat die Munisipaliteit ondersteuning sal verleen aan afgestorwe behoeftige persone binne sy regsgebied deur ‘n waardige begrafnis of verassing vir sodanige persoon te voorsien.

BESLUIT
(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) Dat die Beleid insake Begrafnisse vir Armlastiges goedgekeur word;

(b) Dat die Register van Delegasies opgedateer word met die betrokke delegasies aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste.

7.11 VERSLAG OOR GEMEENSKAP ONTWIKKELINGSPROJEKTE, 2024/2025: UITKOMSTE EN IMPAK (17/2/2)

Die Departement: Gemeenskapsontwikkeling moet op ’n jaarlikse basis verslag doen insake die uitkomste en impakte van gemeenskap ontwikkelingsprojekte ingevolge die Swartland Munisipale Sosiale Ontwikkelingsbeleid en -Strategie.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste hou enkele hoogtepunte uit die verslag voor en noem dat die twee amptenare betrokke by die implementering van hierdie projek al die krediet moet kry.

BESLUIT
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

(a) Dat kennis geneem word van die uitkomste en impak van die gemeenskap ontwikkelingsprojekte wat in die 2024/2025 finansiële jaar plaasgevind het;

(b) Dat die Gemeenskap Ontwikkelingsdepartement op ‘n jaarlikse basis teen Augustus verslag sal doen oor die uitkomste en impakte van gemeenskap ontwikkelingsprojekte wat in die voorafgaande finansiële jaar plaasgevind het.

7.12 UITSTAANDE DEBITEURE: JULIE 2025 (5/7/1/1)

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Julie 2025.

7.13 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Julie 2025 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKYRINGPROSEDURES: BETALING VAN VLUGKOSTES VIR DIE JEUGUITRUILPROGRAM TE DUITSLAND VIA DIE RAAD SE GEREGISTREERDE REISAGENT (8/1/B/2)

Die verslag het ten doel om te rapporteer op die finale uitgawe verbonde aan die vlugkaartjies vir die Jeuguitruilprogram na Duitsland.

BESLUIT

Dat kennis geneem word dat die afwykingsbedrag ten opsigte van die vlugkaartjies vir die Jeuguitruilprogram na Duitsland, die bedrag van R181 609.72 in totaal beloop het.

7.15 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKYRINGPROSEDURES: DIENS EN HERSTEL VAN LUGSPOELWAAIER BY MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)

Die Malmesbury WWTW maak gebruik van membraantegnologie vir die tersiêre behandelingsproses en vereis dat die membrane skoongemaak word deur ‘n belugtingsproses.

Belugting word voorsien deur vier Aerzen-lugblaaseenhede wat onderhou en herstel word deur die oorspronklike vervaardiger in Suid-Afrika.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures in terme van Artikel 36(1)(a)(v) van die Voorsieningkanaalbestuurs-beleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die diens en herstel van ‘n Aerzen lugblaaseenheid by the Malmesbury WWTW deur die oorspronklike vervaardiger se verteenwoordiger, Aerzen Airgas (Pty) Ltd, ten bedrae van R146 397.52 (BTW uitgesluit) goed te keur;

(c) Dat die rede vir afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedure as volg aangeteken word:

    (i) Aerzen Airgas (Pty) Ltd is die oorspronklike vervaardiger se verteenwoordiger in Suid-Afrika vir die Duits-vervaardigde Aerzen-blaaseenhede; en
    (ii) Die diens is slegs beskikbaar vanaf hierdie enkele diensverskaffer;

(d) Dat kennis geneem word dat die uitgawe ten bedrae van R146 397.52 (BTW uitgesluit) teen mSCOA-pos, 9/239-57-1041 verreken sal word;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur versoek word om die bostaande rede as ‘n nota tot die betrokke finansiële state by te voeg wanneer die state opgestel word.

7.16 BEGROTING VIR ONDERHOUD AAN PROVINSIALE HOOFPAAIE: 2026/2027 FINANSIëLE JAAR (5/6/1/1/2)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig die projekte wat deur die Weskaapse Regering oor twee finansiële jare (2025/2026 en 2026/2027) goedgekeur is vir die onderhoud aan Provinsiale Hoofpaaie ten bedrae van R16 289 000.00.

7.16/...

Die verslag het ten doel om vir die 2026/2027 finansiële jaar om befondsing aansoek te doen vir die opgradering van Voortrekkerweg ten bedrae van R10 500 822.00.

BESLUIT

Dat die begroting van uitgawes aan die onderhoud van Provinsiale Hoofpaaie vir die 2026/2027 finansiële jaar ten bedrae van R10 500 822.00 goedgekeur word.

7.17 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKYRINGPROSEDURES: HERSTEL VAN 11KV CT'S EN VERVANGING VAN VERHUTTINGSELEMENTE BY KLIPFONTEIN SUBSTASIE (8/1/B/2)

Nadat die 11 kV-afskakelaars by die Klipfontein Substasie by twee geleenthede uitgeskop het, is ABB South Afrika (Pty) Ltd genader om die toerusting te inspekteer.

By ondersoek is bevind dat die 11 kV-stroomtransformators (CT's) tekens van gedeeltelike ontlading tussen die fases getoon het en dat die CT-isolasie besig is om te verswak. Daar is verder bevind dat die paneelverhuttings-elemente van al die afskakelaars in die substasie oneffektief is.

Dringend herstelwerk is benodig om langdurige elektrisiteit onderbrekings te voorkom.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures in terme van Artikel 36(1)(a)(v) van die Voorsieningkanaalbestuurs-beleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om die aanstelling van ABB South Africa (Pty) Ltd ter waarde van R238 377,00 (BTW uitgesluit) goed te keur;

(c) Dat die rede vir afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedure as volg aangeteken word:

    (i) faling van die insulasie vlakke op die Stroom Transformators, asook die verhuttingselemente in die elektriese panele is as 'n noodgeval hanteer;

(d) Dat kennis geneem word dat die koste teen mSCOA-pos, 9/253-743-1001 verreken sal word;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur versoek word om die bostaande rede as 'n nota tot die betrokke finansiële state by te voeg wanneer die state opgestel word.

(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE MUNISIPALE BESTUUR-, ADMINISTRASIE EN FINANSIES PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 10 SEPTEMBER 2025 OM 10:00

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl I S le Minnie
Ondervoorsitter, rdl N Smit

Nel, M (rdd)	Soldaka, P E
O'Kennedy, E C	Vermeulen, G
Pypers, D C	Warnick, A K

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H C A Witbooi
Senior Bestuurder: Verkeer- en Wetstoepassingdienste, mnr R Steyn
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl G Vermeulen om te open met gebed.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, rdh M A Rangasamy en rdl B J Penxa.

2. NOTULE

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (MUNISIPALE BESTUUR-, ADMINISTRASIE- EN FINANSIESKOMITEE) GEHOU OP 13 AUGUSTUS 2025

BESLUIT
(op voorstel van rdl D C Pypers, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Munisipale Bestuur-, Administrasie- en Finansies) gehou op 13 Augustus 2025 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen.

5. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. MUNISIPALE BESTUURDER

5.1 MAANDVERSLAG: JULIE 2025

Die Munisipale Bestuurder/...

Die Munisipale Bestuurder gee terugvoer oor die kapitaalbegroting vir die vorige finansiële jaar. Dit was die grootste kapitaalbegroting in die geskiedenis van Swartland Munisipaliteit. Die Riverlands-ramp het aansienlike druk op verskeie afdelings geplaas, maar die prestasie word as ’n beduidende bereiking beskou.

Rdl P E Soldaka vra oor die betrokkenheid van kleiner en informele besighede, veral dié in die *townships*, aangesien georganiseerde besighede soos die Malmesbury Sakekamer dikwels sulke ondernemings uitsluit.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik dat die Sakekamer self bepaal wie hulle insluit, maar beklemtoon dat die munisipaliteit deur die SMME Indaba en ander projekte ’n wyer groep ondernemings ondersteun. Die Indaba is deur die provinsie as ’n beste praktyk erken en verdere samewerkings, onder meer met Standard Bank, word beplan om leemtes aan te spreek.

Rdl P E Soldaka vra of die Ilinge Lethu Sakeforum deur die munisipaliteit erken word en versoek dat informele forums soos hierdie ook betrek word.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste bevestig dat sowat 200 SMME’s op die munisipaliteit se databasis is en dat daar ’n ooreenkoms met die Malmesbury Sakekamer is om maandelikse ondersteuning aan hulle te bied. Sy noem dat die Ilinge Lethu Sakeforum genooi word om die munisipaliteit te nader vir gesprekke en moontlike ondersteuning.

BESLUIT
(voorgestel deur rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Munisipale Bestuurder vir Julie 2025.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen.

7. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. ADMINISTRASIE

7.1 MAANDVERSLAG: JULIE 2025

Die voorsitter lê die maandverslag ter tafel soos met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT
(op voorstel van rdl D C Pypers, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Korporatiewe Dienste vir Julie 2025.

8. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen.

9. GEDELEGEERDE SAKE M.B.T. FINANSIES

9.1 MAANDVERSLAG: JULIE 2025

Die Direkteur: Finansiële Dienste meld dat R84 miljoen in toekennings ontvang is, waarvan die grootste deel belê is om rente te verdien. Die belegging van R300 miljoen het tot R366 miljoen gegroei met rente-inkomste van sowat R33 miljoen. Hy verduidelik dat leningbalanse hoofsaaklik in Junie en Desember verander en dat die Sanlam-lening, met sy hoë rentekoers van 10,96%, oorweeg word vir vroeë afbetaling. Hy beklemtoon dat daar tans geen finansiële risiko’s bestaan nie.

Rdl E C O’Kennedy vra of die 11,07% rente op die volle R366 miljoen toegepas word en versoek ook verduideliking oor die R12 miljoen wat vir na-aftrede verpligtinge begroot is.

Direkteur: Finansiële Dienste/...

Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat die 11,07% slegs op die oorspronklike R300 miljoen geld en nie op die R66 miljoen rente nie. Hy verduidelik dat die verslag van R366 miljoen volgens Nasionale Tesourie en GRAP-standaarde korrek is. Voorts het hy aangedui dat die totale voorsiening vir na-aftrede voordele R104 miljoen beloop, waarvan R95 miljoen mediese voordele is. Hierdie voordeel sal vanaf 1 April 2025 nie meer vir nuwe werknemers geld nie en sal dus oor tyd afneem.

BESLUIT
(op voorstel van rdl D C Pypers, gesekondeer deur rdl A K Warnick)
Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Finansiële Dienste vir Julie 2025.

10. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen.

(GET) RDL I S LE MINNIE
VOORSITTER

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 10 SEPTEMBER 2025 OM 10:23

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R J Jooste

Bess, D G	Pieters, C
Gaika, M F	Smit, N
Nel, M (rdd)	Warnick, A K
O'Kennedy, E C	Williams, A M

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H C A Witbooi
Senior Bestuurder: Verkeer- en Wetstoepassingdienste, mnr R Steyn
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom lede.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen en rdl C Fortuin.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTEKOMITEE) GEHOU OP 13 AUGUSTUS 2025

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A M Williams)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 13 Augustus 2025 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen.

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1. MAANDVERSLAG: JULIE 2025

5.1.1/...

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE

Die voorsitter lê die maandverslag, soos met die agenda gesirkuleer, ter tafel en die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste behandel enkele aspekte uit die maandverslag.

Rdl D G Bess spreek haar kommer uit oor die hoë waterverbruik in Riverlands en Chatsworth gedurende Julie. Sy versoek terugvoer oor die vordering van die pyplyn van Pella na Chatsworth en meld dat inwoners tans sukkel met watertekorte.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste rapporteer dat die munisipaliteit gereed is om met die ontwerp van die infrastruktuur tussen Pella en Chatsworth te begin. ’n Hegte verbintenis van die Stad Kaapstad om water te voorsien, is egter ’n vereiste voordat die proses kan voortgaan. Hierdie verbintenis moet vasgestel word voor die finalisering van die WSA, wat eers ná die artikel 33-proses afgehandel kan word – na verwagting binne ongeveer ’n jaar. Intussen sal die Direktoraat voortgaan met sekere ontwerp-elemente en is daar reeds tydelike maatreëls ingestel om die geaffekteerde gebiede, veral die hoërliggende dele van Chatsworth waar die druk en vloei laag is, by te staan.

Rdl A K Warnick spreek sy kommer uit dat Chatsworth-inwoners en Silvertown gereeld oor naweke sonder water sit, ten spyte daarvan dat sommiges vir hulle dienste betaal. Hy het die dringendheid van tydelike maatreëls beklemtoon en versoek dat die aantal geaffekteerde inwoners geïdentifiseer word. Hy het verder opgemerk dat sommige inwoners JoJo-tenks het, maar baie steeds swaarkry en kla. Hy versoek om oplossings te prioritiseer om die gemeenskap van water te voorsien.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste verduidelik dat slegs ’n klein aantal hoërliggende erwe ernstig geraak word en dat dit dikwels oor lae druk en vloei gaan, eerder as ’n totale gebrek aan toevoer. JoJo-tenks is as ’n tussentydse maatreël voorsien, hoewel dit nie ’n volledige oplossing vir huishoudings is nie. Operasionele personeel ervaar ook probleme wanneer gemeenskapslede inmeng met die watervoorsieningstelsel deur kleppe weer oop te draai, wat die vloei-regulering ontwrig. Verdere ingrypings in die netwerk word oorweeg.

Rdl M F Gaika bedank die Direkteur vir die vinnige reaksie op die watertekort in Abbotsdale die vorige dag, waar watertrokke ontplooi is. Sy versoek duidelikheid of die voorval ’n eensydige insident was of ’n herhalende probleem gaan wees.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat die tekort in Abbotsdale ’n eensydige insident was en nie herhaal sal word nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl A M Williams)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat: Siviele Ingenieursdienste vir Julie 2025.

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste lê die prestasieverslag voor. Aangesien die finansiële jaar pas begin het, is daar beperkte data beskikbaar. Hy meld dat ter verbetering van leesbaarheid is grafieke ingesluit wat die groeioorskot per area en vir die munisipaliteit as geheel illustreer. Maksimum aanvraag-grafieke vir die afgelope drie jaar by elke oordragpunt is getoon, tesame met nuwe grafieke wat maandelikse energie-aankope van Eskom vergelykend uitbeeld. Verdere diagramme toon die aankope vanaf Darling Green Utility en kumulatiewe waardes van maksimum aanvraag en kilowatt-ure wat deur Swartland vanaf Eskom aangekoop is, aan.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste doen verder verslag oor die insident van 26 Julie, waar ’n vierjarige kind ernstige brandwonde opgedoen het nadat hy metaalvoorwerp in ’n gevandaliseerde en oop meterboks gesteek het. Die kind is in die hospitaal behandel.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste meld dat Eskom se nasionale kwartaallikse terugvoer aangedui het dat daar geen beurtkrag vir die somerseisoen beplan word nie. Daar is egter ’n beplande onderbreking geskeduleer vir 11 September in die Riebeek-Kasteel-gebied.

Die Direkteur bevestig dat die munisipaliteit steeds wag op begrotingskwotasies vanaf Eskom rakende die 132 kV-lyn en die Yzerfontein-opgradering. Weens die volgehoue vertragings het die munisipaliteit intussen voortgegaan om ’n tender uit te nooi vir die konstruksie van die lyn en die uitstaande gedeelte van die substasie, aangesien die proses nie langer vertraag kan word nie. Verdere opvolgaksies met Eskom duur voort.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl A M Williams)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Julie 2025.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) RDL R J JOOSTE
VOORSITTER

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE ONTWIKKELINGSDIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 10 SEPTEMBER 2025 OM 10:43

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl G Vermeulen
Ondervoorsitter, rdl D G Bess

De Beer, J M (rdd)
Le Minnie, I S
Ngozi, M
Pypers, D C
Smit, N
Soldaka, P E

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H C A Witbooi
Senior Bestuurder: Verkeer- en Wetstoepassingdienste, mnr R Steyn
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom lede.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Uitvoerende Burgemeester, rdh M A Rangasamy en rdl A M Booysen.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELINGS-DIENSTE) GEHOU OP 13 AUGUSTUS 2025

BESLUIT
(op voorstel van rdl I S le Minnie, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkelingsdienste) gehou op 13 Augustus 2025 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen.

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAG: JULIE 2025

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste/...

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste verwys na die Prestasieverslag en beklemtoon dat die kapitaalbegroting vir behuising R59 miljoen beloop, terwyl die totale jaarlikse begroting vir topstrukture meer as R172 miljoen beloop. Drie groot behuisingsprojekte is tans aan die gang in Moorreesburg, Darling en De Hoop Malmesbury. Wyksraadslede word versoek om inwoners toe te lig oor die subsidie-aansoekproses en om enige onsekerhede met die Behuisingsafdeling te bevestig.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste rapporteer oor vergaderings met kleinboere (28 Augustus en 5 September) waar kwessies soos veediefstal, onwettige strukture, varkuitwissing en die beoogde hervestiging na Tygerfontein bespreek is. Die Departement van Landelike Ontwikkeling het bevestig dat ’n huurkontrak onderteken is. Daar is tans slegs 58 varke oor van die oorspronklike 600, en kwarantynperke en nuwe aankope bly ’n bekommernis. Belangrike infrastruktuurkwessies soos boorgate, elektrisiteit en heinings moet nog opgelos word. ’n Opvolgvergadering word in Oktober 2025 beplan om ’n finale gereedheidsplan en tydraamwerk vir hervestiging vas te stel, met ’n mikpunt vir finale hervestiging teen Februarie 2026.

Die Direkteur: Beskermingsdienste bevestig dat kleinboere kans gegun is om waardevolle strukture te verwyder en dat daar ooreenkoms was oor die tydsraamwerk en verwydering van strukture weens die risiko van varksiekte.

Rdd J M de Beer opper vrae oor die rolverdeling tussen departemente, die hantering van karkasse, kwarantynmaatreëls en die finansiële las vir die munisipaliteit. Sy bevraagteken ook die inhoud van die huurkontrak, veral oor die toelaatbaarheid van permanente inwoners.

Die Munisipale Bestuurder beklemtoon dat die kwarantynperiode slegs vanaf die dood van die laaste vark bereken kan word en het daarop aangedring dat geen nuwe varke die gebied betree nie totdat die staatsveearts amptelik die tydperk bevestig. Hy dui ook aan dat die munisipaliteit die verwydering van karkasse sal hanteer, maar nie aanspreeklik kan wees vir enige bepalings in ’n huurkontrak waartoe dit nie ’n party is nie.

Raadslid M Ngozi stel verskeie vrae oor:

- Onwettige besighede in Ilinge Lethu, Olumisa-straat en moontlike alternatiewe grond vir sulke bedrywighede.

- Die regstatus van oud-raadslede se betrokkenheid by gemeenskapsprojekte.

- Billikheid en kriteria van die EPWP-program.

- Ongeregistreerde Kleuterontwikkelingsentrums (ECD’s) wat tans funksioneer.

- Toename in veediefstal en die rol van wetstoepassing.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat hoewel die vrae belangrik is, dit nie deel van die agenda is nie, maar dui aan dat antwoorde steeds verskaf sal word.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste verduidelik dat grondaanwendings versoeke deur Stadsbeplanning en Korporatiewe Dienste hanteer word. Die kwessie van oud-raadslede se betrokkenheid by projekte val buite die munisipaliteit se bevoegdheid. Ten opsigte van *ECD’s* is dit ’n funksie van die Departement van Onderwys, maar die munisipaliteit kan opvolg indien adresinligting voorsien word. Veediefstal word as deel van wetstoepassing se verslag hanteer.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat die EPWP-verdeling van 2021 nie meer toegepas word nie. Kandidate word nou uit die wyke gekies waar projekte plaasvind.

Raadslid Bess doen navraag oor instandhouding van die Nitrophoska-huise.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste /...

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste bevestig dat geen spesifieke instandhoudingsbegroting bestaan nie, maar dat dringende herstelwerk op ’n ad hoc-basis gedoen word, onderhewig aan beskikbare fondse.

Rdd J M de Beer wys daarop dat eerder onderrig gegee moet word oor die wettiging van besighede voordat onwettige ondernemings grond toegeken word. Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste bevestig dat alle kleinsakeontwikkeling aan formele huurkontrakte onderhewig is.

Rld P E Soldaka rig vrae oor:

- Goedkeuringsyfers vir Darling en Moorreesburg-behuisingsubsidies.
- Kriteria vir behuisingstoekennings, spesifiek die R3 500 inkomsteperk.
- Kwaliteit van werk deur ASLA en nie-geregistreerde diensverskaffers.
- Uitgestelde kapasiteitsbou-aktiwiteite vir *ECD’s*.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste verduidelik dat Darling twee projekte het (*gap*- en IRDP-projekte). Subsidie-kriteria word deur ’n nasionale direktief van 2020 bepaal. Die NHBRC monitor boukwaliteit en dis die kontrakteur se verantwoordelikheid om dispute op te los. Uitgestelde *ECD*-aktiwiteite hou verband met teikenverskille en nie met versuim om aktiwiteite aan te bied nie.

BESLUIT
(op voorstel van rdl D C Pypers, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir Julie 2025.

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR

6.1 DIE MUNISIPALE BEPLANNINGSTRIBUNAAL

Dat **KENNIS GENEEM** word van die inhoud van die notule van ‘n vergadering van die Munisipale Beplanningstribunaal gehou op 13 Augustus 2025.

7. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen.

(GET) RDL G VERMEULEN
VOORSITTER

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE BESKERMINGSDIENSTE PORTEFEULJEKOMITEE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU OP WOENSDAG, 10 SEPTEMBER 2025 OM 11:45

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdd M Nel
Ondervoorsitter, rdl A K Warnick

Bess, D G
De Beer, J M (rdd)
Jooste, R J
Le Minnie, I S
Pieters, C
White, G E
Williams, A M

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H C A Witbooi
Senior Bestuurder: Verkeer- en Wetstoepassingsdienste, mnr R Steyn
Komiteebeampte, me S Willemse

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die voorsitter verwelkom lede.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Uitvoerende Burgemeester, rdle C Fortuin en J R Papier.

2. NOTULE

2.1 NOTULES VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (BESKERMINGS-DIENSTE) GEHOU OP 13 AUGUSTUS 2025

BESLUIT
(voorgestel deur rdl I S le Minnie, gesekondeer deur rdl A M Williams)

Dat die notule van die Portefeuljekomiteevergadering (Beskermingsdienste) gehou op 13 Augustus 2025 goedgekeur word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES

Geen.

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAG: JULIE 2025

5.1.1 PRESTASIEVERSLAG
5.1.2 VERKEERS- EN WETSTOEPASSINGSDIENSTE
5.1.3 BRANDBESTRYDING

Die Direkteur: Beskermingsdienste lê die maandelikse verslag, insluitend die Prestasieverslag voor. Hy dui aan dat hy maandeliks aanpassings sal maak om die inligting meer toeganklik te maak. Hoogtepunte sluit in: voetpatrollies wat op verskillende dae in verskeie dorpe uitgevoer is om sigbaarheid te verhoog ('n IDP-vereiste); sowat 284 K-9-soektogte wat doeltreffendheid bevestig; en die noodsaak om die beskikbare personeel teenoor die dienste wat gelewer moet word, in ag te neem. Hy verduidelik verder dat die brandweerstatistiek aangepas sal word om insidenttrends oor die maand heen (veral motorvoertuigongelukke en brande) beter te illustreer, aangesien die hoogste aantal insidente tipies teen maand einde voorkom.

Rdl I S le Minnie spreek haar kommer uit oor die ondoeltreffendheid van die pamfletverspreiding teen onwettige storting en versoek verdere besonderhede oor die aantal lasbriewe wat afgehandel is, die waarde van spoedoortredings, asook die aard en ligging van die opvoedkundige programme wat in Julie 2025 uitgevoer is.

Rdl A M Williams bevraagteken waarom slegs een klag uit Abbotsdale en een uit Kalbaskraal in die verslag aangedui is, terwyl meer klagtes na sy mening ingedien is. Hy spreek verder sy kommer uit dat geen voetpatrollies in Wyk 7 (Abbotsdale en Kalbaskraal) uitgevoer is nie, ten spyte van hoë misdaadvlakke, insluitend onopgeloste moorde.

Rdl D G Bess voeg ondersteunend by dat voetpatrollies ook proaktief in kleiner dorpe uitgevoer moet word, en nie slegs op grond van klagtes nie.

Rdd J M de Beer wys daarop dat voetpatrollies dikwels in sakekerns gedoen word, terwyl die grootste uitdagings in woongebiede lê. Sy meld dat sigbaarheid in voorstede en woonbuurte meer doeltreffend sou wees as in sentrums, waar die probleme relatief minder ernstig is. Sy lig ook die kwessie van skrootwerwe uit, wat dikwels nie behoorlik gesoneer of gemonitor word nie, en 'n groot bydraende faktor tot infrastruktuurdiefstal en skade is. Sy het versoek dat samewerking met SAPD verbeter word om permitte en sonegoedkeuring te koördineer.

Die Senior Bestuurder: Verkeer- en Wetstoepassingsdienste gee die volgende antwoorde:

Onwettige storting: Dit is nie realisties of uitvoerbaar om wetstoepassing oral te plaas nie; gemeenskappe moet verantwoordelikheid neem en formele beëdigde verklarings voorsien sodat opgetree kan word.

Lasbriewe: Geen vaste totaal bestaan nie, aangesien lasbriewe eers deur landdroste onderteken moet word, wat dikwels maande vertraag. Die afdeling dien slegs die lasbriewe wat formeel beskikbaar is.

Klagtes: Raadslede en inwoners moet klagtes deur die beheerkamer aanmeld om behoorlike rekordhouding en terugvoering moontlik te maak; regstreekse oproepe aan beamptes word nie altyd aangeteken nie.

Kalbaskraal en Abbotsdale: Wetstoepassingsdienste is nie SAPD nie, en dit is onbillik om van beamptes te verwag om in bendegeteisterde gebiede te opereer waar hul veiligheid in gedrang is. Die munisipaliteit ondersteun SAPD ingevolge 'n ooreenkoms met die CPF, maar het beperkte personeel.

Personeelverdeling: Hulpbronne is gekonsentreer in Ilinge Lethu en Highlands waar dringende kwessies (onwettige strukture en haweloses se oprigtings) aangespreek moes word. Hierdie operasies het personeel uit ander dorpe onttrek.

BESLUIT
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl A M Williams)

Dat kennis geneem word van die verslae van die onderskeie departemente in die Direktoraat: Beskermingsdienste, nl. Verkeer en Wetstoepassing en Brandbestryding vir Julie 2025.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen.

(GET) RDD M NEL
VOORSITTER

Verslag ◆ Ingxelo ◆ Report

Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

Kantoor van die Direkteur: Ontwikkelingsdienste
Department : Development Management
3 September 2025

3/2/4
WYK: 1-12

ITEM 7.1 VAN DIE AGENDA VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING WAT GEHOU SAL WORD OP 17 SEPTEMBER 2025

ONDERWERP: APPOINTMENT OF MEMBERS TO MUNICIPAL PLANNING TRIBUNAL

1. **AGTERGROND/BEREDENERING**

A municipality must in terms of section 35 of SPLUMA in order to determine land use and land development applications within it's municipal area, establish a Municipal Planning Tribunal for it's municipal area.

A municipality may authorize that certain land use and land development applications may be considered and determined by the Municipal Planning Tribunal.

The Municipality has decided that all land use and land development applications where objections have been received has to be considered and determined by the Municipal Planning Tribunal.

The composition of the Municipal Planning Tribunal will consist of 5 members in terms of section 36 and 37 of SPLUMA..

The internal membership has been fulfilled by three full time employees consisted of the Municipal Manager, Director: Corporate Services and the Director: Development Services.

The external membership has been fulfilled by two external members with knowledge and experience in spatial planning, land use and land development planning or related law for a period not less than 10 years.

The term of external members of the Municipal Planning Tribunal expires 30 September 2025.

Swartland Municipality has called for nominations to public persons in the press to be appointed as external members of the Municipal Planning Tribunal.

The following nominations have been received by the closing date of 29 August 2025.

Danzel Andries (Darling)	No relevant knowledge and experience in spatial planning, land use and land development planning or related law for a period not less than 10 years.	Not recommended
Drikus Stander (Darling)	No relevant knowledge and experience in spatial planning, land use and land development planning or related law for a period not less than 10 years.	Not recommended
Chris Rabie	Meet the relevant knowledge and experience as required. Part of Swartland/	Recommended

	Stellenbosch and Theewaterskloof MPT	
Christine Havenga	Meet the relevant knowledge and experience as required. Part of Swartland and Stellenbosch MPT. Be reappointed for another term.	Recommended

2. **AANBEVELING**

(a) Dat die nominasie van Mnr Chris Rabie as eksterne lid tot die Munisipale Beplanning Tribunaal aanvaar word;
(b) Dat Chrisitne Havenga as eksterne lid tot die Munisipale Beplanning Tribunaal her-aangestel word, vir 'n verdere termyn van 5 jaar;
(c) Dat die voorwaardes van aanstelling en vergoeding se status quo behou word;
(d) Dat daar kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder, die Direkteur Korporatiewe Dienste en die Direkteur Ontwikkelingsdienste voortgaan as lede van die MPT;
(e) Dat daar kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder die voorsitter is met die Direkteur: Korporatiewe Dienste as die onder-voorsitter;
(f) Dat die aanstelling van die lede van die Munisipale Beplanning Tribunaal in terme van artikel 82(11)c van Swartland Munisipaliteit : Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020) deur die Munisipale Bestuurder in die Provinsiale Koerant bevestig word;

RECOMMENDATION

(a) That the nomination of Mr Chris Rabie be excepted as external member to the Municipal Planning Tribunal;
(b) That Christine Havenga as external member be re-appointed to the Municipal Planning Tribunal for a further term of 5 years;
(c) That the conditions of appointment and remuneration remain at their status quo;
(d) That it be noted that the Municipal Manager, the Director: Corporate Services and the Director: Development Services will continue as members of the Municipal Planning Tribunal;
(e) That it be noted that the Municipal Manager is the chairperson with the Director: Corporate Services as the vice-chairperson;
